BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA.

UITGAWE OP GESAG. *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

10c **Woensdag, 12 Junie 1968** **WINDHOEK** **Wednesday, 12 June 1968** **No. 2898**

INHOUD

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

Hierby word bekend gemaak dat die Waarnemende Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wette wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

WETTE:—

CONTENTS *Page/Bladsy*

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

It is hereby notified that the Acting State President has assented to the following Acts which are hereby published for general information:—

ACTS:—

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wette wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

WET:—

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Acts which are hereby published for general information:—

ACT:—

No. 40, 1968.]

ACT

To amend the Census Act, 1957, so as to apply the provisions of the said Act to the territory of South-West Africa, and to make provision for matters incidental thereto.

(*English text signed by the Acting State President.*)
(*Assented to 5th April*, 1968.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 76 of 1957, as amended by sections 1 and 8 of Act 35 of 1965.

1. Section 1 of the Census Act, 1957 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(*a*) by the substitution for the definition of "Minister" of the following definition:
"'Minister' means the Minister of Planning;";

(*b*) by the insertion after the definition of "regulation" of the following definition:
"'Republic' includes the territory;"; and

(*c*) by the insertion after the definition of "supervisor" of the following definition:
"'territory' means the territory of South-West Africa;".

Amendment of section 12 of Act 76 of 1957, as amended by section 5 of Act 35 of 1965.

2. Section 12 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph (*c*) of the following paragraph:

"(*c*) asks, receives or takes from any person, other than an authorized officer of the Government or the administration of the territory, any payment or reward;".

Insertion of section 18A in Act 76 of 1957.

3. The following section is hereby inserted in the principal Act after section 18:

"Application of Act in territory and repeal of Proclamation No. 52 of 1920 of the territory.

18A. (1) The provisions of this Act and any amendment thereof, whether made before or after the commencement of this section, shall apply also in the territory, including the Eastern Caprivi Zipfel referred to in section 3 of the South-West Africa Affairs Amendment Act, 1951 (Act No. 55 of 1951), and in relation to all persons in that portion of the territory known as the 'Rehoboth Gebiet' and defined in the First Schedule to Proclamation No. 28 of 1923 of the Administrator of the territory.

(2) Proclamation No. 52 of 1920 of the Administrator of the territory is hereby repealed.

(3) Anything done, except a regulation made, under a provision of a law applied in the territory by the proclamation referred to in subsection (2), shall be deemed to have been done in respect of the territory under the corresponding provision of this Act.".

Short title.

4. This Act shall be called the Census Amendment Act, 1968.

No. 40, 1968.]

WET

Tot wysiging van die Sensuswet, 1957, om die bepalings van gemelde Wet op die gebied Suidwes-Afrika van toepassing te maak, en om vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan, voorsiening te maak.

(*Engelse teks deur die Waarnemende Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 5 *April* 1968.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 76 van 1957, soos gewysig deur artikels 1 en 8 van Wet 35 van 1965.

1. Artikel 1 van die Sensuswet, 1957 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

(*a*) deur na die omskrywing van „Direkteur" die volgende omskrywing in te voeg:
„‚gebied' die gebied Suidwes-Afrika;";

(*b*) deur die omskrywing van „Minister" deur die volgende omskrywing te vervang:
„‚Minister' die Minister van Beplanning;"; en

(*c*) deur na die omskrywing van „regulasie" die volgende omskrywing in te voeg:
„‚Republiek' ook die gebied;".

Wysiging van artikel 12 van Wet 76 van 1957, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 35 van 1965.

2. Artikel 12 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (*c*) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*c*) enige betaling of vergoeding van iemand anders as 'n gemagtigde beampte van die Regering of die administrasie van die gebied vra, ontvang of aanneem;".

Invoeging van artikel 18A in Wet 76 van 1957.

3. Die volgende artikel word hierby na artikel 18 van die Hoofwet ingevoeg:

„Toepassing van Wet in die gebied en herroeping van Proklamasie No. 52 van 1920 van die gebied.

18A. (1) Die bepalings van hierdie Wet en enige wysiging daarvan, hetsy voor of na die inwerkingtreding van hierdie artikel aangebring, is ook van toepassing in die gebied, met inbegrip van die Oostelike Caprivi Zipfel vermeld in artikel 3 van die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika, 1951 (Wet No. 55 van 1951), en met betrekking tot alle persone in daardie gedeelte van die gebied bekend as die ‚Rehoboth Gebiet' en omskrywe in die Eerste Bylae by Proklamasie No. 28 van 1923 van die Administrateur van die gebied.

(2) Proklamasie No. 52 van 1920 van die Administrateur van die gebied word hierby herroep.

(3) Enigiets gedoen, behalwe 'n regulasie uitgevaardig, kragtens 'n bepaling van 'n wet deur die in subartikel (2) bedoelde proklamasie in die gebied van toepassing gemaak, word geag kragtens die ooreenstemmende bepaling van hierdie Wet ten opsigte van die gebied gedoen te gewees het.".

Kort titel.

4. Hierdie Wet heet die Sensuswysigingswet, 1968.

No. 41, 1968.]

ACT

To amend the Statistics Act, 1957, so as to apply the provisions of the said Act to the territory of South-West Africa, and to make provision for matters incidental thereto.

(*Afrikaans text signed by the Acting State President.*)
(*Assented to 5th April,* 1968.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 73 of 1957, as amended by section 1 of Act 36 of 1965.

1. Section 1 of the Statistics Act, 1957 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(*a*) by the insertion after the definition of "prescribed" of the following definition:
"'provincial administration' includes the administration of the territory;";

(*b*) by the insertion after the definition of "regulation" of the following definition:
"'Republic' includes the territory;"; and

(*c*) by the insertion after the definition of "statistics" of the following definition:
"'territory' means the territory of South-West Africa;".

Amendment of section 4 of Act 73 of 1957.

2. Section 4 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The Minister may enter into arrangements with the Administrator of any province or the territory as to any matter necessary or convenient for the purpose of carrying out effectually this Act, and in particular for all or any of the following matters—

(*a*) the execution or performance by any officer serving under the provincial administration of any power or duty conferred or imposed on any officer under this Act;

(*b*) the collection by such officer of any statistical or other information required for the purpose of carrying out this Act; and

(*c*) the supplying of any statistical information by the provincial administration to the prescribed officer.".

Substitution of section 4*bis* of Act 73 of 1957, as inserted by section 4 of Act 36 of 1965.

3. The following section is hereby substituted for section 4*bis* of the principal Act:

"Arrangements with the governments of neighbouring territories.

4*bis*. The Minister may enter into arrangements with the government of any neighbouring territory as to any matter necessary or convenient for the purpose of carrying out effectually this Act.".

No. 41, 1968.]

WET

Tot wysiging van die Wet op Statistieke, 1957, om die bepalings van gemelde Wet op die gebied Suidwes-Afrika van toepassing te maak, en om vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan, voorsiening te maak.

(*Afrikaanse teks deur die Waarnemende Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 5 *April* 1968.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 73 van 1957, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 36 van 1965.

1. Artikel 1 van die Wet op Statistieke, 1957 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

(*a*) deur voor die omskrywing van „hierdie Wet" die volgende omskrywing in te voeg:
„‚gebied' die gebied Suidwes-Afrika;";

(*b*) deur na die omskrywing van „plaaslike bestuur" die volgende omskrywing in te voeg:
„‚provinsiale administrasie' ook die administrasie van die gebied;"; en

(*c*) deur na die omskrywing van „regulasie" die volgende omskrywing in te voeg:
„‚Republiek' ook die gebied;".

Wysiging van artikel 4 van Wet 73 van 1957.

2. Artikel 4 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Die Minister kan met die Administrateur van enige provinsie of die gebied ooreenkomste aangaan met betrekking tot enige aangeleentheid wat nodig of gerieflik is vir die doeltreffende uitvoering van hierdie Wet, en in besonder met betrekking tot een of meer van die volgende aangeleenthede—

(*a*) die uitoefening of verrigting deur 'n amptenaar in diens van die provinsiale administrasie van enige bevoegdheid of plig wat kragtens hierdie Wet aan 'n amptenaar verleen is of hom opgelê is;

(*b*) die versameling deur so 'n amptenaar van enige statistiese of ander inligting wat nodig is vir die uitvoering van hierdie Wet; en

(*c*) die verstrekking van enige statistiese inligting deur die provinsiale administrasie aan die voorgeskrewe amptenaar.".

Vervanging van artikel 4*bis* van Wet 73 van 1957, soos ingevoeg deur artikel 4 van Wet 36 van 1965.

3. Artikel 4*bis* van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Ooreenkomste met die regerings van aangrensende gebiede.

4*bis*. Die Minister kan met die regering van enige aangrensende gebied ooreenkomste aangaan met betrekking tot enige aangeleentheid wat nodig of gerieflik is vir die doeltreffende uitvoering van hierdie Wet.".

4. The following section is hereby inserted in the principal Act after section 16:

Insertion of section 16A into Act 73 of 1957.

"Application of Act to the territory and repeal of Proclamations No. 51 of 1920 and No. 12 of 1930 of the territory.

16A. (1) The provisions of this Act, and any amendment thereof, whether made before or after the commencement of this section, shall apply also in the territory including the Eastern Caprivi Zipfel referred to in section 3 of the South-West Africa Affairs Amendment Act, 1951 (Act No. 55 of 1951), and in relation to all persons in that portion of the territory known as the 'Rehoboth Gebiet' and defined in the First Schedule to Proclamation No. 28 of 1923 of the Administrator of the territory.

(2) Proclamations No. 51 of 1920 and No. 12 of 1930 of the Administrator of the territory are hereby repealed.

(3) Anything done, except a regulation made, under a provision of a law applied in the territory or any portion thereof by the proclamation referred to in subsection (2), shall be deemed to have been done in respect of the territory or the portion thereof concerned under the corresponding provision of this Act.".

5. This Act shall be called the Statistics Amendment Act, 1968.

Short title.

Invoeging van artikel 16A in Wet 73 van 1957.

4. Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 16 ingevoeg:

„Toepassing van Wet op die gebied en herroeping van Proklamasies No. 51 van 1920 en No. 12 van 1930 van die gebied.

16A. (1) Die bepalings van hierdie Wet en enige wysiging daarvan, hetsy voor of na die inwerkingtreding van hierdie artikel aangebring, is ook van toepassing in die gebied, met inbegrip van die Oostelike Caprivi Zipfel vermeld in artikel 3 van die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika, 1951 (Wet No. 55 van 1951), en met betrekking tot alle persone in daardie gedeelte van die gebied bekend as die ‚Rehoboth Gebiet' en omskrywe in die Eerste Bylae by Proklamasie No. 28 van 1923 van die Administrateur van die gebied.

(2) Proklamasies No. 51 van 1920 en No. 12 van 1930 van die Administrateur van die gebied word hierby herroep.

(3) Enigiets gedoen, behalwe 'n regulasie uitgevaardig, kragtens 'n bepaling van 'n wet wat deur die in subartikel (2) bedoelde proklamasies in die gebied of 'n gedeelte daarvan van toepassing gemaak is, word geag kragtens die ooreenstemmende bepaling van hierdie Wet ten opsigte van die gebied of die betrokke gedeelte daarvan, gedoen te gewees het.".

Kort titel.

5. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Statistieke, 1968.

No. 46, 1968.]

ACT

To provide for the continued existence of the Bantu Investment Corporation of South Africa, Limited, and the Xhosa Development Corporation, Limited, and for the establishment of further development corporations and other corporations so as to promote and carry out under the control of the Trustee of the South African Bantu Trust the economic development of the Bantu homelands and the Bantu population of such homelands by establishing, inaugurating, planning, financing, co-ordinating, promoting, carrying on and carrying out industrial, commercial, financial, mining and other business undertakings and projects; and for matters incidental thereto.

(*English text signed by the State President.*)
(*Assented to* 16*th April*, 1968.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Definitions.

1. In this Act, unless the context otherwise indicates—
   (i) "advisory board" means an advisory board referred to in section 10; (i)
   (ii) "Bantu company" means a company in which all the shares are held by Bantu persons or by Bantu persons and one or more of the following, namely, the investment corporation, a development corporation or a corporation, and includes an association of persons of which only Bantu persons or Bantu persons and one or more of the following, namely, the investment corporation, a development corporation or a corporation, are members; (ii)
   (iii) "Bantu homelands" means—
      (*a*) land which according to the Bantu Trust and Land Act, 1936 (Act No. 18 of 1936), is a scheduled Bantu area or a released area;
      (*b*) any land or area which has been or may be reserved and set apart as is contemplated in section 4 of the South-West Africa Bantu Affairs Administration Act, 1954 (Act No. 56 of 1954);
      (*c*) land in the Eastern Caprivi Zipfel mentioned in section 3 of the South-West Africa Affairs Amendment Act, 1951 (Act No. 55 of 1951); (iv)
   (iv) "Bantu person" means any person who is a member of any aboriginal race or tribe of Africa or who is generally accepted as such, and includes a Bantu company and any statutory body of which all members are Bantu persons; (iii)
   (v) "board" means a board of directors referred to in section 9; (x)
   (vi) "corporation" means a corporation established under section 5 (1) (*b*); (vii)

No. 46, 1968.]

WET

Om voorsiening te maak vir die voortbestaan van die Bantoebeleggingskorporasie van Suid-Afrika, Beperk, en die Xhosa-ontwikkelingskorporasie, Beperk, en vir die instelling van verdere ontwikkelingskorporasies en ander korporasies ten einde onder die beheer van die Trustee van die Suid-Afrikaanse Bantoetrust, die ekonomiese ontwikkeling van die Bantoetuislande en die Bantoebevolking van sodanige tuislande te bevorder en uit te voer deur nywerheids-, handels-, finansiële, myn- en ander sake-ondernemings en projekte op te rig, te loods, te beplan, te finansier, te koördineer, te bevorder, voort te sit en uit te voer; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

(*Engelse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 16 *April* 1968.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Woordbepalings.

1. Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie Wet—

(i) „adviserende raad" 'n adviserende raad bedoel in artikel 10; (i)

(ii) „Bantoemaatskappy" 'n maatskappy waarin al die aandele besit word deur Bantoepersone of deur Bantoepersone en een of meer van die volgende, te wete, die beleggingskorporasie, 'n ontwikkelingskorporasie of 'n korporasie, en ook 'n vereniging van persone waarvan slegs Bantoepersone of Bantoepersone en een of meer van die volgende, te wete, die beleggingskorporasie, 'n ontwikkelingskorporasie of 'n korporasie lede is; (ii)

(iii) „Bantoepersoon" iemand wat 'n lid is van 'n inboorlingstam of -ras van Afrika of wat gewoonlik daarvoor deurgaan en ook 'n Bantoemaatskappy en 'n statutêre liggaam waarvan alle lede Bantoepersone is; (iv)

(iv) „Bantoetuislande"—

(*a*) grond wat volgens die Bantoetrust en -grond Wet, 1936 (Wet No. 18 van 1936), 'n afgesonderde Bantoegebied of 'n oopgestelde gebied is;

(*b*) enige grond of oppervlakte wat gereserveer en afgesonder is of word soos beoog word in artikel 4 van die Wet op die Administrasie van Bantoesake in Suidwes-Afrika, 1954 (Wet No. 56 van 1954);

(*c*) grond in die Oostelike Caprivi Zipfel vermeld in artikel 3 van die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika, 1951 (Wet No. 55 van 1951); (iii)

(v) „beleggingskorporasie" die in artikel 2 bedoelde Bantoe-beleggingskorporasie van Suid-Afrika, Beperk; (ix)

(vi) „direkteur" 'n direkteur van die beleggingskorporasie, 'n ontwikkelingskorporasie of 'n korporasie; (viii)

(vii) "development corporation" means a development corporation established under section 5 (1) (*a*) or deemed to have been so established; (ix)

(viii) "director" means a director of the investment corporation, a development corporation or a corporation; (vi)

(ix) "investment corporation" means the Bantu Investment Corporation of South Africa, Limited, referred to in section 2; (v)

(x) "Minister" means the Minister of Bantu Administration and Development; (viii)

(xi) "regulations" means the regulations made under section 26; (xi)

(xii) "Trust" means the South African Bantu Trust established by section 4 of the Bantu Trust and Land Act, 1936 (Act No. 18 of 1936); (xii)

(xiii) "Trustee" means the State President in his capacity as Trustee of the Trust. (xiii)

Continued existence of the Bantu Investment Corporation of South Africa, Limited.

2. The body corporate called the Bantu Investment Corporation of South Africa, Limited, and constituted and registered in the registers of the Registrar of Companies under section 2 of the Bantu Investment Corporation Act, 1959 (Act No. 34 of 1959), shall, notwithstanding the repeal of that Act by this Act, continue to exist and to be so registered and shall continue to be a corporate body with perpetual succession capable of suing and being sued in its own name and of performing all such acts as are necessary for or incidental to the attainment of its objects and the exercise of its powers.

Objects of the investment corporation.

3. The objects of the investment corporation shall be to plan, finance, co-ordinate, promote and carry out the development of the Bantu homelands and the Bantu population of such homelands in the fields of industry, commerce, finance, mining and other businesses.

Powers of the investment corporation.

4. (1) For the purpose of attaining its objects the investment corporation shall have power—

(*a*) to establish, plan, finance, co-ordinate, promote and carry on industrial, commercial, financial, mining and other business undertakings or to acquire such undertakings from persons who are not Bantu persons and to sell or otherwise dispose of such undertakings to Bantu persons;

(*b*) to assist in connection with the establishment or extension of such undertakings by Bantu persons in the Bantu homelands, or to effect the transfer to the Bantu homelands of such an existing undertaking situated outside such homelands and owned by a Bantu person;

(*c*) to establish or assist in establishing Bantu companies for industrial, commercial, financial, mining or other business purposes in the Bantu homelands;

(*d*) to inaugurate, plan, finance, co-ordinate, promote or carry out or to assist in the inauguration, planning, financing, co-ordination, promotion or carrying out of projects which are intended to benefit and develop the Bantu homelands and Bantu persons in such homelands economically or which relate to the exploitation, development or utilization of a natural resource, which, in addition to the ordinary meaning thereof, shall include labour, land, minerals, metals, precious stones, water, wood, agriculture, fishing and sea products, methods of transport and communication and methods for the development of power;

(*e*) to control, carry out, guarantee, underwrite, finance or bring about the issue of any loan or of any shares, stock or debentures of a Bantu person, or to advance money for that purpose;

(*f*) to provide capital or other means, and to furnish technical and other assistance and expert and specialized advice, information and guidance;

(vii) „korporasie" 'n korporasie kragtens artikel 5 (1) (*b*) ingestel; (vi)
(viii) „Minister" die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling; (x)
(ix) „ontwikkelingskorporasie" 'n ontwikkelingskorporasie ingestel kragtens artikel 5 (1) (*a*) of geag aldus ingestel te gewees het; (vii)
(x) „raad" 'n raad van direkteure bedoel in artikel 9; (v)
(xi) „regulasies" die regulasies kragtens artikel 26 uitgevaardig; (xi)
(xii) „Trust" die Suid-Afrikaanse Bantoetrust ingestel deur artikel 4 van die Bantoetrust en -grond Wet, 1936 (Wet No. 18 van 1936); (xii)
(xiii) „Trustee" die Staatspresident in sy hoedanigheid as Trustee van die Trust. (xiii)

Voortbestaan van die Bantoe-beleggings-korporasie van Suid-Afrika, Beperk.

2. Die liggaam, met regspersoonlikheid beklee, wat bekend staan as die Bantoe-beleggingskorporasie van Suid-Afrika, Beperk, en wat kragtens artikel 2 van die Wet op die Bantoe-beleggingskorporasie, 1959 (Wet No. 34 van 1959), ingestel en in die registers van die Registrateur van Maatskappye geregistreer is, bly, ondanks die herroeping van daardie Wet deur hierdie Wet, voortbestaan en aldus geregistreer en bly 'n regspersoon met ewigdurende regsopvolging en bevoeg om in sy eie naam as eiser en verweerder in regte op te tree en om alle handelinge te verrig wat nodig is vir of in verband staan met die bereiking van sy doelstellinge en die uitoefening van sy bevoegdhede.

Doelstellinge van die beleggings-korporasie.

3. Die doelstellinge van die beleggingskorporasie is om die ontwikkeling van die Bantoetuislande en die Bantoebevolking van sodanige tuislande op nywerheids-, handels-, finansiële, myn- en ander sakegebiede te beplan, te finansier, te koördineer, te bevorder en uit te voer.

Bevoegdhede van die beleggings-korporasie.

4. (1) Ten einde sy doelstellinge te bereik, het die beleggingskorporasie die bevoegdheid—

(*a*) om nywerheids-, handels-, finansiële, myn- en ander sake-ondernemings op te rig, te beplan, te finansier, te koördineer, te bevorder en voort te sit of om sodanige ondernemings te verkry van persone wat nie Bantoepersone is nie en sodanige ondernemings te verkoop of andersins te vervreem aan Bantoepersone;
(*b*) om hulp in verband met die oprigting of uitbreiding van sodanige ondernemings deur Bantoepersone in die Bantoetuislande te verleen, of die oorplasing na die Bantoetuislande te bewerkstellig van so 'n bestaande onderneming wat buite genoemde tuislande geleë is en besit word deur 'n Bantoepersoon;
(*c*) om Bantoemaatskappye vir nywerheids-, handels-, finansiële, myn- of ander sakedoeleindes in die Bantoetuislande te stig of te help stig;
(*d*) om projekte wat ten doel het om die Bantoetuislande en Bantoepersone in daardie tuislande ekonomies te bevoordeel en te ontwikkel, of wat in verband staan met die ontginning, ontwikkeling of benutting van 'n natuurlike hulpbron, wat, benewens die gewone betekenis daarvan, ook arbeid, grond, minerale, metale, edelgesteentes, water, hout, landbou, visvangs en see-produkte, vervoer- en kommunikasiemetodes en metodes vir die ontwikkeling van krag insluit, te loods, te beplan, te finansier, te koördineer, te bevorder of uit te voer, of met die loodsing, beplanning, finansiering, koördinering, bevordering of uitvoering behulpsaam te wees;
(*e*) om die uitgifte van enige lening of van enige aandele, effekte of skuldbriewe van 'n Bantoepersoon te beheer, uit te voer, te waarborg, te onderskryf, te finansier of te bewerkstellig of om geld vir dié doel voor te skiet;
(*f*) om kapitaal of ander middele te voorsien en om tegniese en ander hulp en deskundige en gespesialiseerde advies, inligting en voorligting te verskaf;

(*g*) to apply its funds or moneys to the establishment of a reserve fund, or to invest any funds or moneys not immediately required for its affairs with the Public Debt Commissioners or in any other manner approved by the Minister in consultation with the Minister of Finance;

(*h*) for the performance of its activities to purchase, hire or otherwise acquire land or buildings, to erect buildings on its land, to sell, let or otherwise dispose of or mortgage such land or buildings;

(*i*) to accept donations and to receive any moneys offered or due to it;

(*j*) to act as broker;

(*k*) to open banking accounts;

(*l*) to pay all expenses in connection with its establishment and administration;

(*m*) to plan, encourage, co-ordinate, undertake or finance the training of Bantu persons as employees, officers, managers or directors in the fields of industry, commerce, finance, mining and any other businesses;

(*n*) to guarantee the contracts and obligations of any Bantu person or to become surety for their due fulfilment, and to enter into surety bonds or deeds of security;

(*o*) to issue, negotiate, accept, endorse or discount debentures, bills of exchange and other negotiable instruments;

(*p*) to purchase, hire, develop or hold or to subscribe to or otherwise acquire or take over movable property of any kind, including any shares, stocks, debentures and securities, of a Bantu person, or any interest in any business of or a mortgage over any property of a Bantu person, and to let, sell or otherwise alienate it or pledge it or deal otherwise therewith;

(*q*) by legal process to cause any company, corporation or juristic person in which it has any share or interest, to be liquidated or placed under judicial management and may for that purpose itself be appointed as liquidator or judicial manager, and to petition a competent court to sequestrate the estate of any of its debtors;

(*r*) to act, where necessary, to protect its investments, or otherwise as director, manager, trustee, curator, executor or administrator of any business, estate, trust, company, juristic person or Bantu person or to designate a person or persons to act for that purpose on its behalf;

(*s*) to lend money with or without security to Bantu persons and in connection with the lending of money to take such security as it may deem fit, including special mortgage bonds over immovable property, notarial bonds over movable property, pledges of movable property, cessions of rights and in general any other form of cover or security;

(*t*) to take deposits offered by any person for investment and to hold such deposits on such conditions as may be agreed upon, and to arrange and to decide upon the investment and application thereof;

(*u*) to act as agent or representative in connection with any matter of whatsoever nature for or on behalf of a Bantu person in connection with all or any of its objects or itself to appoint agents or representatives in connection with any of its objects;

(*v*) with the approval of the Trustee and subject to such conditions as may be determined by him, to transfer any kind of movable or immovable property held by the investment corporation or any interest in any such

(*g*) om sy fondse of geld aan te wend vir die instelling van 'n reserwefonds of enige fondse of geld wat nie onmiddellik vir sy sake benodig word nie, te belê by die Openbare Skuldkommissarisse of op enige ander wyse wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies goedkeur;

(*h*) om vir die verrigting van sy werksaamhede grond of geboue te koop, te huur of andersins te verkry, geboue op sy grond op te rig, sodanige grond of geboue te verkoop, te verhuur of andersins te vervreem of dit met verband te beswaar;

(*i*) om skenkings aan te neem en geld wat hom aangebied word of hom toekom, in ontvangs te neem;

(*j*) om as makelaar op te tree;

(*k*) om bankrekenings te open;

(*l*) om al die uitgawes in verband met sy instelling en administrasie te betaal;

(*m*) om die opleiding van Bantoepersone as werknemers, amptenare, bestuurders of direkteure op nywerheids-, handels-, finansiële, myn- en ander sakegebiede te beplan, aan te moedig, te koördineer, te onderneem of te finansier;

(*n*) om die kontrakte en verpligtinge van enige Bantoepersoon te waarborg of vir hul behoorlike nakoming borg te staan, en borgaktes en aktes van sekerheidstelling aan te gaan;

(*o*) om skuldbriewe, wissels en ander verhandelbare stukke uit te reik, te verhandel, te aksepteer, te endosseer of te verdiskonteer;

(*p*) om enige soort roerende goed, met inbegrip van aandele, effekte, skuldbriewe en geldwaardige stukke van 'n Bantoepersoon of 'n belang in 'n saak van of 'n verband oor goedere van 'n Bantoepersoon te koop, te huur, te ontwikkel of te besit of daarop in te skryf of dit andersins te verkry of oor te neem, en dit te verhuur, te verkoop of andersins te vervreem of te verpand of andersins daarmee te handel;

(*q*) om enige maatskappy, korporasie of regspersoon waarin hy 'n aandeel of belang het, by regsproses te laat likwideer of onder geregtelike bestuur te laat plaas en kan vir dié doel self as likwidateur of geregtelike bestuurder aangestel word, en om 'n bevoegde hof te versoek om die boedel van enige van sy debiteure te sekwestreer;

(*r*) om op te tree, waar nodig, om sy beleggings te beskerm of andersins as direkteur, bestuurder, trustee, kurator, eksekuteur of administrateur van enige saak, boedel, trust, maatskappy, regspersoon, of Bantoepersoon of om 'n persoon of persone aan te wys om vir sodanige doel namens hom op te tree;

(*s*) om geld met of sonder sekuriteit aan Bantoepersone te leen en om met betrekking tot die uitleen van geld, sodanige sekuriteit te neem as wat hy goedvind, insluitende spesiale verbande oor onroerende goed, notariële verbande oor roerende goed, pande van roerende goed, sessies van regte en in die algemeen enige ander vorm van dekking of sekuriteit;

(*t*) om deposito's wat deur enige persoon vir belegging aangebied word, te neem en sodanige deposito's te hou op die voorwaardes waaroor ooreengekom word, en om die belegging en aanwending daarvan te reël en te bepaal;

(*u*) om op te tree as agent of verteenwoordiger in verband met enige saak van watter aard ook al vir of ten behoewe van 'n Bantoepersoon in verband met al of enige van sy doelstellinge of om self agente of verteenwoordigers in verband met enige van sy doelstellinge aan te stel;

(*v*) om met die goedkeuring van die Trustee en onderworpe aan die voorwaardes wat hy bepaal, enige soort roerende of onroerende eiendom wat die beleggingskorporasie besit of enige belang in enige sodanige

property to any development corporation or any corporation;

(*w*) to employ, remunerate, house, discharge or suspend officers and employees required for its operations and to indemnify such officers and employees in respect of any harm, damage or loss suffered by them in the course of the execution of their duties;

(*x*) to provide or give pension and sick benefits to any of its officers and employees;

(*y*) to exercise any other power which the State President may consider necessary for the attainment of its objects and which the State President may confer upon it by proclamation in the *Gazette*;

and may, generally, do anything that is necessary for or conducive to the attainment of its objects and the exercise of its powers, whether or not it relates to any matter expressly mentioned in this section.

(2) The tasks and powers imposed or conferred upon the investment corporation by or under the Bantu Investment Corporation Act, 1959 (Act No. 34 of 1959), shall be deemed to be powers conferred upon the investment corporation by this Act.

Establishment, nature and registration of a development corporation and a corporation.

5. (1) The State President may by proclamation in the *Gazette* from a date fixed by him in such proclamation—

(*a*) establish a development corporation in respect of those portions of the Bantu homelands occupied by a national unit, referred to in section 2 (1) of the Promotion of Bantu Self-government Act, 1959 (Act No. 46 of 1959);

(*b*) establish a corporation in respect of—

(i) any industrial, commercial, financial, mining or other business undertaking in the Bantu homelands; or

(ii) any project referred to in section 4 (1) (*d*) in the Bantu homelands.

(2) The Minister shall—

(i) before a development corporation is established, consult the investment corporation; and

(ii) before a corporation is established, consult the investment corporation and, where the undertaking or project concerned is to be established or inaugurated in a portion of the Bantu homelands in respect of which a development corporation has been established, also that development corporation.

(3) A development corporation or a corporation so established shall be known under the name mentioned in the proclamation by which it is established and shall be a corporate body with limited liability and with perpetual succession and capable of suing and being sued in its own name and of performing all such acts as are necessary for or incidental to the attainment of its objects and the exercise of its powers.

(4) Upon the date so fixed, the Registrar of Companies shall enter the name of such development corporation or corporation, as the case may be, in his registers.

(5) (*a*) As from the commencement of this Act, the Xhosa Development Corporation, Limited, which was established and registered in the registers of the Registrar of Companies under section 2 of the Bantu Homelands Development Corporations Act, 1965 (Act No. 86 of 1965), shall be deemed to have been established and registered under this Act as a development corporation with the same name, in respect of those portions of the Bantu homelands occupied by the Xhosa national unit and shall have in respect of the said portions the objects entrusted by this Act to a development corporation.

eiendom aan 'n ontwikkelingskorporasie of 'n korporasie oor te dra;

(*w*) om amptenare en werknemers benodig vir sy werksaamhede in diens te neem, te besoldig, te huisves, te ontslaan, of te skors en sodanige amptenare en werknemers skadeloos te stel ten opsigte van enige leed, skade of verlies deur hulle in die loop van die uitvoering van hulle diensplig te opgedoen;

(*x*) om pensioen- en siektevoordele te voorsien of te gee aan enige van sy amptenare en werknemers;

(*y*) om enige ander bevoegdheid wat volgens die oordeel van die Staatspresident noodsaaklik is vir die bereiking van sy doelstellinge en wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* aan hom verleen, uit te oefen;

en kan, in die algemeen, enigiets doen wat nodig of bevorderlik is vir die bereiking van sy doelstellinge en die uitoefening van sy bevoegdhede, hetsy dit betrekking het op 'n aangeleentheid wat uitdruklik in hierdie artikel vermeld word al dan nie.

(2) Die take en bevoegdhede aan die beleggingskorporasie opgelê of verleen deur of kragtens die Wet op die Bantoebeleggingskorporasie, 1959 (Wet No. 34 van 1959), word geag bevoegdhede te wees wat deur hierdie Wet aan die beleggingskorporasie verleen is.

Instelling, aard en registrasie van 'n ontwikkelingskorporasie en 'n korporasie.

5. (1) Die Staatspresident kan by proklamasie in die *Staatskoerant* vanaf 'n datum deur hom in sodanige proklamasie bepaal—

(*a*) 'n ontwikkelingskorporasie instel ten opsigte van daardie gedeeltes van die Bantoetuislande wat deur 'n volkseenheid, bedoel in artikel 2 (1) van die Wet op die Bevordering van Bantoe-selfbestuur, 1959 (Wet No. 46 van 1959), bewoon word;

(*b*) 'n korporasie instel ten opsigte van—

(i) 'n nywerheids-, handels-, finansiële, myn-, of ander sake-onderneming in die Bantoetuislande; of

(ii) 'n projek in artikel 4 (1) (*d*) bedoel in die Bantoetuislande.

(2) Die Minister moet—

(i) voordat 'n ontwikkelingskorporasie ingestel word, die beleggingskorporasie raadpleeg; en

(ii) voordat 'n korporasie ingestel word, die beleggingskorporasie en, waar die betrokke onderneming of projek opgerig of geloods staan te word in 'n gedeelte van die Bantoetuislande ten opsigte waarvan 'n ontwikkelingskorporasie ingestel is, ook daardie ontwikkelingskorporasie, raadpleeg.

(3) 'n Ontwikkelingskorporasie of 'n korporasie aldus ingestel staan bekend onder die naam wat vermeld staan in die proklamasie waarby hy ingestel is en is 'n regspersoon met beperkte aanspreeklikheid en met ewigdurende regsopvolging en bevoeg om in sy eie naam as eiser en as verweerder in regte op te tree en om alle handelinge te verrig wat nodig is vir of in verband staan met die bereiking van sy doelstellinge en die uitoefening van sy bevoegdhede.

(4) Op die datum aldus bepaal, teken die Registrateur van Maatskappye die naam van bedoelde ontwikkelingskorporasie of korporasie, na gelang van die geval, in sy registers aan.

(5) (*a*) Vanaf die inwerkingtreding van hierdie Wet word die Xhosa-ontwikkelingskorporasie, Beperk, wat kragtens artikel 2 van die Wet op die Ontwikkelingskorporasie vir Bantoetuislande, 1965 (Wet No. 86 van 1965), ingestel en in die registers van die Registrateur van Maatskappye geregistreer is, geag kragtens hierdie Wet as 'n ontwikkelingskorporasie met dieselfde naam ten opsigte van daardie gedeeltes van die Bantoetuislande wat deur die Xhosavolkseenheid bewoon word, ingestel en geregistreer te wees, en het hy ten opsigte van gemelde gedeeltes die doelstellinge wat deur hierdie Wet aan 'n ontwikkelingskorporasie opgedra word.

(*b*) The tasks and powers imposed or conferred upon the Xhosa Development Corporation, Limited, by or under the Bantu Homelands Development Corporations Act, 1965, shall be deemed to be powers conferred upon it by this Act.

Objects and powers of a development corporation.

6. (1) The objects of a development corporation shall be to plan, finance, co-ordinate, promote and carry out the development of those portions of the Bantu homelands in respect of which it has been established, and the Bantu population thereof, in the fields of industry, commerce, finance, mining and other businesses.

(2) For the purpose of attaining its objects, a development corporation may exercise such of the powers referred to in section 4 (1) as the Trustee may determine from time to time.

Objects and powers of a corporation.

7. (1) The objects of a corporation shall be—

(*a*) if it is established under section 5 (1) (*b*) (i), to establish, plan, finance, co-ordinate, promote and carry on the undertaking concerned;

(*b*) if it is established under section 5 (1) (*b*) (ii), to inaugurate, plan, finance, co-ordinate, promote and carry out the project concerned.

(2) For the purpose of attaining its objects, a corporation may exercise such of the powers referred to in section 4 (1) as the Trustee may determine from time to time.

Power of development corporation or corporation in respect of contracts entered into on its behalf prior to its establishment.

8. A development corporation or a corporation shall have power to assume and accept cession and transfer of all rights and obligations under any contract entered into by and between the Minister and third persons on its behalf prior to its establishment before or after this Act comes into operation and thereupon such rights and obligations shall be enforceable by and binding upon it as if it had been duly established at the time when the contract was made.

Boards of directors.

9. (1) The affairs of the investment corporation, a development corporation and a corporation shall be managed and controlled in each case by a board of directors which may exercise all the powers of the body to which it has been appointed.

(2) The Trustee shall from time to time determine the number of directors of a board and he shall appoint them and designate one of the directors of a board as chairman of that board.

(3) The Trustee shall choose all directors appointed by him for their ability and experience in business or administration or their knowledge of the requirements of the Bantu population or of the Bantu homelands or their suitability otherwise for appointment as directors.

Advisory boards.

10. (1) The Trustee may appoint an advisory board consisting of Bantu persons—

(*a*) to advise a board on any matter relating to the affairs of a development corporation or a corporation, referred to it by the board; and

